Selfverdediging

"Daar is niks waaraan die liggaam blootgestel word waarby die siel nie baat vind nie"
-George Meredith

Doelwit: *Om die Verkenner toe te rus om homself in gevaarlike situasies toepaslik te verdedig.*
Weergawe: *2007.0*
Datum: *Augustus 2007*

Begronding:

Voortrekkerkode: 9. 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.

ABC: Deur die aanbieding van die kursus word daar gefokus op burgerskap, aangesien die Verkenner na afloop van die kursus die vermoë sal openbaar om 'n meer weerbare jong Suid-Afrikaner te wees.

Aanbiedingsvereistes:

Tydsduur:	1 dag	**Graadgroep:**	8 - 12
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:	• Die spesialisasie kan individueel of in spanverband afgehandel word. • Uitkoms 7 moet met groot omsigtigheid hanteer word in die teenwoordigheid van 'n vroulike volwassene. Die groep kan ook geskei word wanneer die uitkoms hanteer word.		
Toekennings instansie:	Kommando		

Uitkomste:

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. *Vertroud wees met die basiese beginsels van selfverdediging.*
2. *Vertroud wees met die gebruik van die volgende dele van sy liggaam as wapen:*
   - *2.1 Voorkop.*
   - *2.2 Agterkop.*
   - *2.3 Tande.*
   - *2.4 Hande.*
   - *2.5 Elmboog.*
   - *2.6 Voete.*
   - *2.7 Knieë.*
3. *Aan 'n groepsgesprek oor die mees onlangse misdaadstatistieke deelneem. Die Verkenner moet vooraf statistieke aangaande die volgende inwin:*
   - *3.1 Verkragting.*
   - *3.2 Aanrandings.*
   - *3.3 Moord.*
   - *3.4 Kindermolestering.*
4. *Met insig aan 'n groepsgesprek oor fisiese weerbaarheid, geestelike weerbaarheid, selfrespek en respek vir andere deelneem.*
5. *Kennis dra van die verskillende drukpunte op 'n persoon se liggaam en die effektiewe gebruik daarvan.*
6. *Aan 'n praktiese sessie deelneem ten einde effektief uit die volgende grepe te kan ontsnap:*
   - *6.1 Handgrepe.*
   - *6.2 Lyfgrepe.*
   - *6.3 Wurggrepe.*
7. *Aan 'n praktiese sessie deelneem ten einde effektief uit 'n verkragtingsposisie te ontsnap.*